



In hierdie uitgawe...

Voorblad
Kerknuus:
Beroepenuus
Nuus oor predikante
Bedieningsnuus
Advertensies en kennisgewings
Agterblad

eHervormer

www.hervormer.co.za

Voorblad

Waarom het ons mekaar nodig?

Alhoewel Dawid 'n legendariese figuur was, was hy natuurlik nie alleen verantwoordelik vir Israel se oorwinnings nie. Daar was heelwat ander dapper manne saam met hom in sy leër. Ons lees byvoorbeeld in 2 Samuel 23: 13-17 van drie manne wat hulle lewens gewaag het om vir Dawid water te gaan haal. God gebruik ander mense rondom ons as instrumente in sy hand. Kom ons gee weer 'n slag erkenning aan die mense wat God in ons lewens gebruik om ons te help. Is dit dalk 'n eggenoot, vriend, kollega, familielid of selfs 'n vreemdeling? Dink 'n bietjie aan die mense in jou lewe. Dank God vir hulle. Hoe kan jy 'n verskil in hulle lewens maak? Een van die belangrikste maniere waarop God ons in die geloof versterk, is deur ons medegelowiges. Ons het mekaar nodig om geestelik te groei en versterk te word. Daarom is dit so belangrik om deel te wees van 'n gemeente. Elkeen van ons het 'n verantwoordelikheid om om te sien na ons medegelowiges in die gemeente waar God ons geplaas het. Ons moet mekaar veral bemoedig en aanmoedig om in die geloof te volhard. In die wêreld beleef ons so dikwels net kritiek en negatiewe. Maar in die gemeenskap van gelowiges behoort ons mekaar met liefde en deernis by te staan.

Dr Gerhard Lindeque



Kontakbesonderhede:

Webwerwe/-skakels:

Webblad van die Hervormde Kerk -
www.nhk.co.za
Hervormer webwerf -
www.hervormer.co.za
e-Hervormer -
www.hervormer.co.za/page03.html
Hervormer LIG! -
www.hervormer.co.za/page04.html

E-posadresse:

Redaksie -
epos@hervormer.co.za
Nuus en berigte -
nuus@hervormer.co.za

Inhoud:

Die e-Hervormer word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*. Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

Teken in op e-Hervormer...

Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe per e-pos!

Stuur 'n e-pos na epos@hervormer.co.za of besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en klik op die 'Teken in'-opsie.

BEROEPENUUS

- ▶ **Beroepe ontvang**
Ds Paula Eksteen na Midrand (deelversorging)



Ds Rita de Kock na Villiers (deelversorging)

Ds Willem Sauer van Wonderboompoort na Groot Marico




- ▶ **Beroep aanvaar**
Ds Dawie du Plessis van Verwoerdburg (benoeming) na Wonderboom-Suid (deeltyds)

- ▶ **Beroep bedank**
Dr Ernest Marran na Sannieshof

NUUS OOR PREDIKANTE

- ▶ **Prof Theuns Dreyer** is weer tuis na sy besoek aan Europa die afgelope twee weke. Hy sê dat die besoek baie suksesvol was. Hy sal in die nabye toekoms inligting daaroor deurgee, veral oor sy gesprek met die Protestantse Kerk in Nederland (PKN).
- ▶ **Dr Johan Nel** se skoonmoeder is oorlede. Meelewing word met dr Johan, sy vrou Ilze en hulle familie betuig.
- ▶ **Ds Andries Nel**, predikant van Witpoortjie, vier op Sondag 1 Junie sy 25-jarige ampsjubileum. By dieselfde geleentheid vier sy vader, **ds Louis Nel**, ook sy 50-jarige ampsjubileum. Ds Andries sal die erediens lei en prof Theuns Dreyer sal namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die Kerk groete, dank en gelukwense oordra.



► **Ds Jakkie Jacobs** het onlangs ernstige hartprobleme ervaar. Tydens 'n angiogram is versterkings in 'n aantal hartare aangebring. Dit gaan onder omstandighede goed met hom.

► **Mev Joey Truter**, eggenote van **dr Jan Truter**, ontvang die volgende ses weke ingrypende chemoterapie nadat die kanker wat vroeër na behandeling verdwyn het, weer posgevat het. Die Kerk se voorbidding word vir mev Truter en haar gesin gevra.

► **Ds Etienne Fourie** woon as gas die vergadering van die SARK by van 28 tot 30 Mei. Ds Fourie is voorsitter van die Raad vir Ekumene.

BEDIENINGSNUUS

■ **Gemeente Ventersdorp** ontvang op 1 Junie sy nuwe predikantspaar, ds en mev Johan Mouton, vroeër van Gemeente Premiemyn.

■ **Gemeente Noordrand** het goedkeuring van die Kommissie van die AKV gevra om vir 'n oorgangstydperk van 'n brugpredikant gebruik te maak terwyl hulle besin oor die toekomstige bearbeiding van die gemeente. Die pragtige kerkkompleks word omring deur plakkerswoonbuurte en dit mag nodig wees om die eiendom te vervreem. Moontlike kombinasies met ander gemeentes sal ook oorweeg word. Ds Leon Nell is deur die kerkraad genader om die taak te vervul.

■ **Gemeente Kimberley** beoog ook om vir 'n tydperk van 'n brugpredikant gebruik te maak om die gemeente voor te berei om weer 'n predikant te beroep. Die Ringskommissie gee tans aandag aan die saak.

■ APOSTOLAAT EN MRCC BAAT BY BESOEK VAN PRESBITERIANE UIT GLASGOW, VSA

Die tweede besoek van die Glasgow Cumberland Presbyterian Church in Kentucky, VSA aan Suid Afrika vind plaas van 1-15 Junie 2008. Hierdie gemeente het in 2002 betrokke geraak by die nuut gestigte sendingprojek van Maquassi se Ringsraad vir Apostolaat in Wolmaransstad, in samewerking met die MRCC van Jouberton Klerksdorp.

Gedurende 2006 het die eerste besoek plaasgevind en dit het geweldige stukrag verleen aan die groei van die kerk en die kleuterskool. Die kleuterskool het gegroei van 28 kinders tot 125 kinders in 2008. Dit is tans een van die grootste kleuterskole van die MRCC. Die lidmaattal het gegroei van 25 tot 100. Die GCPC het al meer as R100 000 bestee aan infrastruktuur, opvoeding en opleiding.

Hulle is hierdie naweek die gaste van ds Theuns Boha en Gemeente Ottosdal, waar hulle ook gaan deel hê aan die erediens. Die tema van hul besoek vanjaar is *GO FOR THE GOAL*, - 'n aanhaling uit Filippense 3:14. 700 gratis T-hemde met die tema daarop gedruk sal tydens hulle besoek aan die kinders uitgedeel word. Van 2-4 Junie is hulle werksaam by ds S Sethojane en MRCC Wolmaransstad, en 5 en 6 Junie by ds Petrus Moleme en die MRCC Jouberton. Saterdag 7 Junie besoek die groep die nuwe sendingterrein op Setlagole, waar prop Alwyn Bothoko ongelooflike aanvoorwerk gedoen het en 'n kerkgebou onlangs bekom is deur sy toedoen. Na die groep se erediens op Sondag 8 Junie, by beide die MRCC Wolmaransstad en MRCC Jouberton, vertrek hulle vir 'n kort besoek aan die Nasionale Krugerwildtuin. Hulle word vergesel deur ds Theuns Botha vir die res van hulle toer. Hulle besoek ook 'n VIGS-weeshuis met 80 kinders in Ohrigstad, en die CSO in Kaapstadhawe saam met ds Kathleen Smith. By die MRCC gemeente en kleuterskool in Khayelitsha sal hulle 'n aanbieding doen. Tydens hulle verblyf in die Kaap is hulle die gaste van ds Chris le Loux en die studentegemeente in Stellenbosch. Hulle sal op Sondag 15 Junie die erediens in die studentegemeente bywoon.

Hierdie besoek is gereël deur die ring van Maquassi se Ringsraad vir Apostolaat, ds Johan Smit en TO CARE, asook die genoemde predikante en gemeentes. Auto Pedigree verskaf twee bussies om die 18 lede van die groep, wat twee predikante insluit, vir die twee weke te vervoer. Die Ringsraad bedank graag elkeen wat betrokke is by die besoek en reëlings. Ons vertrou dat dit tot groot vrug vir die Heer van die Kerk en die Kerk sal wees!

[Terug na Voorblad](#)



Advertensies en kennisgewings

- Die **Perth Afrikaans Reformed Church** in Australië het tans 'n vakante pos vir 'n tweede voltydse leraar.

Gemeenteprofiel

- Die Perth Afrikaans Reformed Church (PARC) is 'n Afrikaanse gereformeerde gemeente in Perth, Australië en bedien lidmate vanuit al drie die susterskerke.
- Die gemeente se bedieningsarea bestaan uit die groter Perth-metropool, wat ongeveer 100 km van noord na suid en 50 km die binneland in strek.
- Die gemeente het op die oomblik 485 ingeskrewe lidmate, waarvan ongeveer 35% dooplidmate is. Die gemiddelde ouderdom van die gemeente is 35 jaar
- Die gemeente het twee bedieningspunte, een 40 km noord van die middestad en een 15 km suid van die middestad.

Fokusareas van die pos

- Woordverkondiging en toerusting van lidmate.
- Pastorale versorging, met klem op versorging van mense wat trauma beleef (hoofsaaklik aanpassingsprobleme weens die immigrasieproses).
- Huisbesoek en begeleiding van kleingroepe.

Leraarsprofiel:

- Dinamiese, Skrifgetroue gereformeerde prediking.
- Passie en opregte empatie vir mense in nood.
- Entoesiastiese en gemotiveerde leraar wie se lewe getuig van 'n lewende verhouding met God.
- Vermoë om in 'n span van leraars en lidmate saam te werk en lidmate te bemagtig.

Aansoeke

- Aansoeke moet vergesel wees van 'n CV, met vermelding van bedieningsvoorkeure en gawes.
- Kontakbesonderhede van ten minste 3 referente.
- Kandidate en hulle gades moet beskikbaar wees om Perth vir 'n periode van 6 tot 8 weke te besoek om in die gemeente te werk en beskikbaar te wees vir 'n onderhoud (reis- en visumkoste sal deur PARC gedra word).

Stuur aansoeke aan:

Perth Afrikaans Reformed Church
21 Davenport Circuit Mindarie
Western Australia
6030

E-pos: voorsitter@parc.org.au

Faks: +61 89 304 6586

Sluitingsdatum

30 Junie 2008


Diensaanvaarding

So gou moontlik na die uitreiking van 'n visum deur die Departement van Immigrasie

Navrae

Voorsitter: Jan van den Berg e-pos: voorsitter@parc.org.au

Leierouderling: Barry van der Vyver e-pos: br.barry@parc.org.au



● 75 JAAR DIAMANTBASAAR

Gemeente Van der Hoff op Groblersdal vier hierdie jaar hul 75ste bestaansjaar. Hulle dank God wat deur maklike en moeilike tye sy hand oor die gemeente gehou het. Die gemeente is tans herderloos maar danksy oudl Johan van den Berg en skriba oudl Kobus Pretorius en oom Dick en tannie Ella Engelbrecht gaan hulle voort met hul planne en hou hulle op 7 Junie 2008 hul 75-jaar Diamantbasaar van vroeg tot laat op die kerkterrein in Voortrekkerstraat.

Mede-Hervormers word uitgenooi om die dag saam met die gemeente deur te bring. Daar sal heerlike kos te koop wees; groente soos net ons boere dit kan kweek; vleis; kontreigoed en vele meer. Gaskunstenaar Zak du Plessis sal optree as seremoniemeester en sy vrou, Magda van Biljon, sal 'n paar stories aan die kleingoed vertel. 'n Egte diamant ter waarde van R35 000 en vele ander troosprijs kan op die dag by die kerk gewen word.

Vir meer inligting kontak Jeanetta Pretorius by 013 262 4738 of Rini van Vuuren by 013 262 4081.

● **Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika** het 'n vakature vir 'n persoon met 'n A+ rekenaarkwalifikasie as 'n **IT ASSISTENT** en vir verwante administratiewe take by sy Kempton Park Administratiewe Sentrum. Die persoon moet Afrikaans en Engels magtig wees. Sluitingsdatum vir aansoeke is 13 Junie. Diensaanvaarding is so gou moontlik daarna. Vir meer besonderhede kan met ds Wilhelm Steyn of mnr Johan van der Walt geskakel word by 011 9704010.

● **NHK Witfontein (in Pretoria-Noord)** wag aansoeke in vir 'n vakante orrelispos. Diensaanvaarding so gou moontlik. Aansoeke (met CV's) kan gerig word aan ds Jimmy Manders by jtmanders@icon.co.za of gefaks word na 086 676 4409.

● Ring van Zeerust: Rolbaldag


Waar: Zeerust Rolbalkklub
Wanneer: Saterdag 12 Julie 2008
Begin tyd: 10:00
Koste: R30 per speler (ete ingesluit)

Potjiekoskompetisie: Inskrywings gratis. Pryse te wen! Kos gaan vir spelers en toeskouers.

Daar sal vir vermaak vir die kinders gereël word.

1. Zeerust ten minste 2 spanne
2. Lichtenburg ten minste 4 spanne
3. Ventersdorp ten minste 3 spanne
4. Swartruggens ten minste 2 spanne
5. Groot Marico ten minste 2 spanne
6. Mafeking ten minste 2 spanne
7. Koster ten minste 2 spanne
8. Coligny ten minste 2 spanne
9. Sannieshof ten minste 2 spanne
10. Lichtenburg-Oos ten minste 3 spanne
11. Gerdau ten minste 1 span
12. Gaborone ten minste 1 span
13. Die Kerkkantoor (Pta) ten minste 2 spanne

Skakel asb met Mario Röscher op Ventersdorp by 083 654 1171.



KERKLIED IN DIE KAAP



**IKSA se Diplomakursus in Himnologie word vanjaar ook in die Kaap aangebied.
Die eerste ontmoetingsgeleentheid is in Stellenbosch op Saterdag 21 Junie 2008 vanaf 09:00 - 14:00.**

Die kursus is gerig op predikante, orreliste en belangstellende lidmate. Enigeen kan dus inskryf.
Dit strek oor twee jaar met twee ontmoetingsgeleenthede per jaar en 'n werkstuk wat ingedien word.

Die kursusgeld is R600 per persoon per jaar.
Kerkrade word versoek om hulle predikante en orreliste in te skryf.

Skakel met: Dr Elsabé Kloppers iksa@absamail.co.za of kerkmusiek@nhk.co.za
Tel 012 996 0431 en 012 322 8885 X229 (Maandae)

Oorsigtelik behels die kursus die volgende:

Eerste jaar

- 'n Oorsig oor die ontwikkeling van musiek in die Christelike kerk.
- Die plek en funksie van die lied in die erediens – 'n teologiese begronding.
- Liturgiese vernuwing in die twintigste eeu.

Tweede jaar

- Die inhoud van die *Liedboek van die Kerk*.
- Agtergrond van kerkliedere en nuwe vorme.
- Eietydse behoeftes en die wyse waarop dit aangespreek kan word.
- Die sinvolle beplanning van die erediens.
- Die rol van simboliek in die erediens en die verband met die kerklied.
- Die rol van die kantor en kantory.


● Orrelpos: Pretoria-Tuine

- Oggenddienste
- Aanddienste (Jan-Mei en Aug-Sept)
- Sanggroep

Vergoeding teen voorgestelde skale. Aanvaarding so gou moontlik.
Kontak dr Botma by 012 460 7768 of andre.botma@telkomsa.net

● **HARTBEESPOORT.** Die basaar van die jaar met die tema **BOSVELDBASAAR**, wat weer eens deur Gemeente Schoemansdal in Hartbeespoort aangebied word, sal groot aftrek kry en die organiseerders beloof dat dit vanjaar werklik die grootste en beste basaar sal wees wat nog ooit ten suide van die Magaliesberge aangebied gaan word.

Kom na 'n egte BOSVELD-belewenis. Die basaar word gehou **op Saterdag 31 Mei**, by die eerste kerk op die hoek van Marais- en Scottstraat te Schoemansville, Hartbeespoort. Kom na die Bosveldbasaar van die jaar. Onthou, die pret begin om 09:00. Moenie hierdie basaar misloop nie!
Vir verdere inligting skakel Henri Verrips 012 420 2945 of die kerkkantoor 012 253 146 (tussen 08:00 en 12:00 elke dag).



- **Johannesburg-Suid** hou kermis op 31 Mei by die NG Gemeente Brackenhurst, Hennie Albertsplaan, Alberton. Daar sal baie pret wees en baie te koop. Daar sal ook van die Yaris-kaartjies @ R50 te koop wees. Persone wat stalletjies wil koop, kan dit @ R50 doen en enige iets verkoop behalwe kos. Vir verdere inligting kontak Louisa van der Westhuizen by 011 613 2680 of 082 463 5323.

Ringsjeugdiens 1 Junie 2008
Wapadrant Gemeente 18:00
Almal welkom en bring jou vriende!
Keeshondstraat 546
Garsfontein


- **Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering** vergader op Donderdag 5 en Vrydag 6 Junie. Die Kommissie voer onder andere gesprek met die dagbestuur van die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering oor die werk van diakens in die Kerk. Tydens die middagete eet predikante wat 50 en 60 jaar in die amp staan saam met die Kommissie.

Die Kommissie behandel die halfjaarverslae van rade om op die hoogte te kom van rade se uitvoering van opdragte wat van die Algemene Kerkvergadering ontvang is. Die nuwe Sekretaris vir Toerusting, Inligting en Kommunikasie sal ook tydens die vergadering benoem word. 'n Nuwe Fondssekretaris vir die Teologiese Fonds moet ook benoem word in die plek van dr JP Labuschagne.

- **Die Ledevergadering van die Kinderhuise** vind op Donderdag 5 Junie om 12:00 plaas onder leiding van die voorsitter van die Direksie van die Kinderhuise, ds Roelf Coertze.

- **Die VTT** het die afgelope week suksesvolle toerusting vir 'n groot getal predikante van die Kerk aangebied. Prof Theuns Dreyer het die toerusting gereël en aangebied. Predikante van oor die hele land was teenwoordig.

- **Die Kuratorium bied 'n werkwinkel** aan op 29 Mei by die Universiteit van Pretoria om die toekoms van die Fakulteit en die ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria te bespreek. Naas die lede van die Kuratorium is die Moderamen, dosente en voorsitter van die Raad van Finansies, ds Dries Beukes, ook betrokke.



● **Ringsvergaderings:**

- Die Ring van Bronkhorstspuit vergader op 2 Junie by Gemeente Premiermyn.
- Die Ring van Chrissiesmeer vergader op 3 Junie by Gemeente Hendrina.
- Die Ring van Middelburg vergader op 3 Junie by Gemeente Middelburg-Noord.
- Die Ring van Roodepoort vergader op 1 Junie by Gemeente Roodepoort.
- Die Ring van Trichardtsfontein vergader op 1 Junie by Gemeente Kriel.
- Die Ring van Pretoria-Noord vergader op 2 Junie by Gemeente Magaliesmoot.
- Die Ringsvergadering van Bloemfontein is verskuif na Saterdag 2 Augustus.
- Die Ringsvergadering van Pietermaritzburg is verskuif na Saterdag 21 Junie te Richardsbaai.
- Die Ring van Noordelike Natal het op Saterdag 24 Mei 'n geslaagde ringsvergadering in Vryheid gehou. Ds Jan Kay is weer as voorsitter verkies vir die volgende termyn van drie jaar en ds Herman Gothan as skriba. Goeie en konstruktiewe werk word in die Ring gedoen.

● **Op soek na werk vir 'n lidmaat van die Kerk in Pretoria. Kan iemand help?**

Dr Fanie Pretorius is dringend op soek na werk vir 'n manlike lidmaat van die Kerk. Hy is 'n sobere mens, met sterk beginsels en is 'n getroue lidmaat met 'n vrou en vier kinders. Hy het 'n swaarvoertuiglisensie maar kan ook goed met mense werk, en is wel ter tale. Kantoorwerk of enige werk in die natuur sal hy kan doen. Skakel asseblief na die Kerkkantoor by 012 322 8885.

Noordes Gholfdag



- 18 Julie 2008
- Akasia Gholfbaan
- Kontak asseblief vir **Hendrik Pieterse** as u kan help met **borgskappe, pryse, donasies, die inskrywing** van 'n vierbal en om ander spelers te help dra
- Vir u bydrae versoek ons dat elkeen 'n prys van ongeveer R30 koop.

• **Hendrik:** 082 447 3286
bam@goggaconnect.co.za

• **Andre:** 082 710 2539
anly@xsinet.co.za

Sperdatum vir berigte, advertensies en kennisgewings

Lesers moet asb daarop let dat alle berigte, advertensies en kennisgewings vir publikasie in die *e-Hervormer* voor **Dinsdae om 17:00** gestuur moet word aan nuus@hervormer.co.za. Insette wat later as hierdie spertyd ontvang word, sal eers in die volgende week se uitgawe verskyn.

Agterblad

Regstelling

In die drukkersvriendelike weergawe van die *e-Hervormer* van 22 Mei is verkeerdelik berig dat ds David Barnard van Horison Roodepoort die beroep na Midrand aanvaar het. Ds Barnard het die beroep bedank. Die redaksie vra verskoning vir hierdie fout. Die berig wat in die volledige weergawe verskyn het was wel korrek.

